

Titel: Nougeseheid III – Nougeseette Gehoorsaamheid
Pastoor: Fred May
Datum: 10 Augustus 2008
Tyd: 09h00



Spreuke 12:24a

²⁴ Die hand van die vlytiges sal heers...

Definisie van nougesetheid (“diligence”):

- Passievol – entoesiasme met intensiteit
- Perfeksionisme – noukeurige aandag aan detail
- Produktief – oorvloedige, hardwerkend
- Volhardend – volgehoue konsekwentheid

Ses stappe na seën:

- Studie
- Nastreef van goddelikheid
- Gehoorsaamheid
- Rentmeesterskap
- Oorwinning
- Leierskap

Deuteronomium 28:1 AOV

¹ As jy goed luister na die Here jou God en jy gehoorsaam al sy gebooie wat ek jou vandag gee, en jy lewe daarvolgens, sal die Here jou God jou oor al die nasies van die aarde stel.

A. ‘n Nuwe verbond

Deuteronomium 28:47-48, 68 Multivertaling

⁴⁷ As jy die Here jou God nie met vreugde en blydskap dien nie omdat jy baie besit (in ‘n tyd van voorspoed), ⁴⁸ sal jy jou vyande wat deur die Here teen jou gestuur sal word, moet dien. Jy sal dit doen terwyl jy honger en dors en sonder klere is en gebrek ly, en jou vyand (die Here) sal 'n ysterjuk op jou nek sit totdat hy jou uitgeroei het.

⁶⁸ Die Here sal jou met die pad (met skepe op die pad) waarvan ek vir jou gesê het jy sal dit nie meer sien nie, terugvat Egipte toe in groot ellende. Daar sal julle julleself aan jou vyande as slawe en slavinne te koop aanbied, maar daar sal nie 'n koper wees nie.

1. ‘n Nuwe hart

Jeremia 32:39-41 Multivertaling

³⁹ Ek sal hulle 'n onverdeelde hart en 'n vaste koers (een pad) gee: hulle sal My altyd dien (respekteer) vir hulle eie beswil en vir dié van hulle kinders na hulle. ⁴⁰ Ek sal 'n blywende verbond met hulle sluit. Ek sal nooit (dat ek nooit sal) ophou om aan hulle goed te doen nie en Ek sal in hulle die begeerte lê om My te dien en nie van My af weg te draai nie (harte eerbied vir My gee sodat hulle nie van My af sal wegdraai nie). ⁴¹ Ek sal dit geniet om goed te doen aan hulle in my trou; met alles wat Ek is, sal Ek hulle weer in dié land vestig (en Ek sal hulle met My hele hart en met volkome toewyding weer in hierdie land plant).

Esegiël 11:19-20 Multivertaling

¹⁹ Ek sal hulle 'n ander hart gee en 'n nuwe gees onder hulle laat posvat, Ek sal die klip hart uit hulle liggaam verwyder en hulle 'n hart van vleis gee. ²⁰ Dan sal hulle volgens my voorskrifte (wette) leef en my bepalings nakom en daarvolgens optree. Hulle sal my volk wees, en Ek sal hulle God wees.

2. Waak teen besmetting

Spreuke 4:23 Multivertaling

²³ Wees (Wees van alle dinge) veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe.

I Samuel 15:12-23 Multivertaling

¹² Die oggend het Samuel hom vroeg klaargemaak om Saul te ontmoet. Iemand het vir Samuel vertel: "Saul het by Karmel gekom en nogal vir homself 'n gedenkteken (monument tot sy eer) opgerig. Daarna het hy omgedraai en is hy verby na Gilgal toe." ¹³ Samuel het toe by Saul gekom, en Saul het vir hom gesê: "Mag die Here u seën! Ek het die opdrag (woord) van die Here uitgevoer." ¹⁴ Samuel vra toe: "Wat vir 'n geblêr van kleinvee (skape) is daar dan in my ore? En wat van die gebulk van beeste wat ek hoor?" ¹⁵ "Hulle het dit van die Amalekiete af gebring," antwoord Saul "Dit is die goed wat deur die manskappe gespaar is, die mooiste kleinvee (beste skape) en grootvee (beeste) om aan die Here u God te offer. Die res het ons van kant gemaak." ¹⁶ En Samuel sê vir Saul: "Bly stil! Laat ek jou vertel wat die Here vannag vir my gesê het." Saul sê toe vir hom: "Praat maar." ¹⁷ Toe sê Samuel: "Al is jy klein in jou eie oë, is jy tog die hoof van die stamme van Israel (Is jy nie, al was jy klein in jou eie oë, tog hoof van die stamme van Israel nie?). Die Here het jou gesalf tot koning oor Israel." ¹⁸ Die Here het jou met 'n doel uitgestuur en Hy het jou beveel: 'Trek op, bring die sondaars, die Amalekiete, om die lewe. Jy moet teen hulle veg totdat jy hulle uitgeroei het.' ¹⁹ Waarom het jy nie na die bevel van die Here geluister nie? En waarom het jy jou aan die buit vergryp en hierdie ding gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here?" ²⁰ Saul antwoord toe vir Samuel: "Maar ek hét na die bevel van die Here geluister! Ek het gegaan om te doen waarvoor die Here my gestuur het, ek het vir koning Agag van Amalek hierheen gebring, maar die Amalekiete het ek om die lewe gebring." ²¹ Die manskappe het egter uit die buit kleinvee (skape) en beeste gevat, die beste van dié wat van kant gemaak moes word, om aan die Here u God in Gilgal te offer." ²² Maar Samuel antwoord: "Is brandoffers en ander diereoffers net so aanneemlik vir die Here as gehoorsaamheid aan sy bevel (Waarvan hou die Here die meeste? Van brandoffers en ander diereoffers of van gehoorsaamheid aan Hom)? Nee (Kyk), gehoorsaamheid is beter as offerande, om te luister (gehoor te gee aan wat die Here vra) is beter as die vet van ramme." ²³ Weerspanning (Opstandigheid / rebellie) is net so erg as die sonde van waarsêery; eiesinnigheid (arrogansie) net so erg as die bedrog van afgodery (afgodery en beelddiens). Omdat jy die woord van die Here verwerp het, het Hy jou as koning verwerp."

B. 'n Nuwe geaardheid

Filippense 2:7a Multivertaling

⁷ maar Hy het Homself verneder (leeggemaak) deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word (neem, deur gebore te word in gelykheid aan mense).

Johannes 12:26 Multivertaling

²⁶ As iemand My wil dien, moet hy My volg; en waar Ek is, daar sal my dienaar ook wees. As iemand My dien, sal die Vader hom eer.

1. Onderwerping sonder voorbehoud
2. Om vanuit 'n onderdanige posisie te hoor
3. Om aandagtig te luister
4. Om verbaal, met gewilligheid en onvoorwaardelik te reageer
5. 'n Uitdrukking van lojaliteit

C. 'n Nuwe verhouding

Matteus 7:21-27 Multivertaling

²¹ Nie elkeen wat vir My sê: 'Here, Here,' sal in die koninkryk van die hemel ingaan (aan die koninklike regering van God deel kry) nie, maar net hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is. ²² Baie sal daardie dag vir My sê: 'Here, Here, het ons dan nie in u Naam gepreek (gepreek met 'n mandaat van U) nie, deur u Naam bese geeste (en demone met 'n mandaat van U) uitgedryf en deur u Naam baie wonders (baie kragtige dade met 'n mandaat van U) gedoen nie?' ²³ Dan sal Ek openlik vir hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My af, julle wat die wet van God

oortree (wetteloos opgetree het). ²⁴ Elkeen dan wat hierdie woorde van My hoor en daarvolgens handel (hulle tot uitvoer bring), kan vergelyk word met 'n verstandige man wat sy huis op rots gebou het. ²⁵ Die stortreën het geval, vloedwaters (riviere) het afgekom, winde het teen daardie huis gewaai en daaraan geruk (gewaai en daardie huis getref), en tog het dit nie ingestort nie, want die fondament was op rots. ²⁶ En elkeen wat hierdie woorde van My hoor en nie daarvolgens handel (hulle nie tot uitvoer bring) nie, kan vergelyk word met 'n dwaas (dwase man) wat sy huis op sand gebou het. ²⁷ Die stortreën het geval, vloedwaters (riviere) het afgekom, winde het teen daardie huis gewaai en daaraan geruk (gewaai en daardie huis getref), en die huis het ingestort en is heeltemal verwoes (sy val was groot)."

1. Is gelyk aan geloof

Jakobus 2:14 Multivertaling

¹⁴ Wat help dit (Watter nut het dit), my broers (medegelowiges), as iemand beweer dat hy glo (geloof het), maar sy dade bevestig dit (hy het nie dade) nie? Kan so 'n geloof 'n mens red?

Hebreërs 11:8 Multivertaling

⁸ Omdat (Deurdat) Abraham geglo het, het hy gehoor gegee toe God hom geroep het (hy geroep is) om weg te trek na die plek toe wat hy as erfdeel sou ontvang. Hy het weggetrek sonder om te weet (verstaan) waar hy sou uitkom (waarheen hy gaan).

2. Is gelyk aan liefde

I Johannes 5:3 Multivertaling

³ Die liefde vir God bestaan dan daarin (Dit is immers absolute liefde teenoor God:) dat ons sy gebooie gehoorsaam (opdragte uitvoer). Sy gebooie (opdragte) is ook nie moeilik (swaar) om te gehoorsaam (uit te voer) nie,

Johannes 14:21, 23, 15-17 Multivertaling

²¹ Wie my opdragte het en dit uitvoer (bewaar) - dit is hy wat My liefhet (absoluut liefhet). En wie My liefhet (absoluut liefhet), hóm sal my Vader (ook absoluut) liefhê, en Ek sal hom ook liefhê (absoluut liefhê) en My aan hom openbaar.

²³ Jesus antwoord hom (het gereageer en vir hom gesê): "As iemand My liefhet (absoluut liefhet), sal hy my woorde ter harte neem (woorde bewaar / opdragte uitvoer); en my Vader sal hom liefhê (absoluut liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woon (Ons blyplek by hom maak).

¹⁵ As julle My liefhet (absoluut liefhet), sal julle my opdragte uitvoer (bewaar). ¹⁶ Ek sal die Vader vra, en Hy sal vir julle 'n ander Voorspraak (Helper / Raadgewer) stuur om vir ewig by julle te wees, ¹⁷ naamlik die Gees van die waarheid. Die wêreld kan Hom nie ontvang nie, omdat hulle Hom nie sien en Hom nie ken nie. Maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees.

3. Kennis van Sy wil

Mattheus 26:39, 42 Multivertaling

³⁹ Hy het 'n entjie verder gegaan en daar gekniel met die gesig teen die grond (op die grond neergeval) en gebid: "My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie lydensbeker by My verbygaan. Moet nogtans nie doen soos Ek wil nie, maar soos U wil."

⁴² 'n Tweede keer het Hy gaan bid en gesê: "My Vader, as hierdie lydensbeker nie by My kan verbygaan sonder dat Ek dit drink nie, laat u wil geskied."

- Deur die Skrif

Jakobus 1:22, 2:14, 20 Multivertaling

²² Julle moet doen wat die woord sê en dit nie net aanhoor nie (Wees daders van die woord en nie net hoorders nie), anders bedrieg julle julleself.

¹⁴ Wat help dit (Watter nut het dit), my broers (medegelowiges), as iemand beweer dat hy glo (geloof het), maar sy dade bevestig dit (hy het nie dade) nie? Kan so 'n geloof 'n mens red?

²⁰ Jou dwaas (leë mens), wil jy 'n bewys hê dat geloof sonder dade nutteloos is (niks oplewer nie)?

- **Onderwerping aan gesag**

(i) **Burgerlik**

Romeine 13:1 Multivertaling

¹ Elke mens moet hom onderwerp aan die owerhede wat oor hom gestel is. Daar is immers geen gesag wat nie van God kom nie, en die owerhede wat daar is, is daar deur die beskikking van God.

(ii) **Kerk**

Hebreërs 13:17 Multivertaling

¹⁷ Julle voorgangers hou wag oor julle lewe (diepste binneste) en moet aan God rekenskap gee. Wees gehoorsaam en onderdanig aan hulle, want dan sal hulle hulle werk met vreugde kan doen en nie kla nie; anders het dit vir julle geen nut nie (want dit sal vir julle waardeloos wees).

I Petrus 5:5 Multivertaling

⁵ En julle wat jonger is, moet aan die ouer mense onderdanig wees. Almal moet trouens teenoor mekaar nederig wees en mekaar help (in hulle verhouding met mekaar nederigheid soos 'n kledingstuk aantrek), want "God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade (liefdevolle goedheid)."

(iii) **Gesin**

Efesiërs 5:22-23 Multivertaling

²² Vrouens, wees aan julle mans onderdanig, net soos julle aan die Here onderdanig is. ²³ Die man is die hoof van die vrou, soos Christus die hoof van die kerk is. Christus is ook die Verlosser van die liggaam, sy kerk.

Efesiërs 6:1-3 Multivertaling

¹ Kinders, wees as gelowiges (in die Here) aan julle ouers gehoorsaam, want dit is wat die wet van God vereis. ² "Eer jou vader en jou moeder" (Respekteer jou pa en ma) is 'n baie belangrike gebod. En daar is nog (die eerste opdrag met) 'n belofte by: ³ "sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde."

- **Spesifieke leiding**

Johannes 16:13-15 Multivertaling

¹³ Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei. Wat Hy sal sê, sal nie van Homself kom nie: Hy sal net sê wat Hy hoor, en Hy sal die dinge wat gaan kom, aan julle verkondig. ¹⁴ Hy sal My verheerlik (goddelike grootheid laat blyk), want wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig. ¹⁵ Alles wat aan die Vader behoort, behoort ook aan My; daarom dat Ek gesê het: Wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig."

- **Gevolg van dissipline**

Hebreërs 5:8 Multivertaling

⁸ Hoewel Hy die Seun was, het Hy deur alles wat Hy gely het, geleer wat gehoorsaamheid is.

Hebreërs 12:11 Multivertaling

¹¹ Wanneer ons getug word, lyk die tug (Elke dissiplinerende lyk) op daardie oomblik nie na iets om oor bly te wees nie, maar om oor te huil. Later lewer dit egter vir dié wat daardeur gevorm (ge oefen) is, 'n goeie vrug: vrede omdat hulle gehoorsaam is aan die wil van God (die vredevolle vrug dat hulle in 'n herstelde verhouding met God leef).

D. 'n Nuwe hoop

1. God se spesiale eiendom

Eksodus 19:5 AOV

⁵ As julle dan nou terdeë na my stem luister en my verbond hou, sal julle my eiendom uit al die volke wees, want die hele aarde is myne.

Levitikus 25:18-19 Multivertaling

¹⁸ Julle moet (Volg My reëls en hou by) my voorskrifte nakom en my bepalings gehoorsaam (en lewe daarvolgens). As julle dit doen, sal julle sonder sorge (bedreiging) in die land kan woon. ¹⁹ Die grond sal goeie oeste lewer, en julle sal oorgenoeg hê om te eet sodat julle sonder sorg (veilig) in die land kan woon.

Deuteronomium 28:1, 13-14 AOV

¹ As jy goed luister na die Here jou God en jy gehoorsaam al sy gebooie wat ek jou vandag gee, en jy lewe daarvolgens, sal die Here jou God jou oor al die nasies van die aarde stel.

¹³ En die HERE sal jou die kop en nie die stert maak nie, en jy sal net boontoe en nie ondertoe gaan nie as jy luister na die gebooie van die HERE jou God wat ek jou vandag beveel om te hou en te doen, ¹⁴ en jy nie regs of links afwyk van al die woorde wat ek julle vandag beveel, om agter ander gode aan te loop om hulle te dien nie.

2. Gesondheid en 'n lang lewe

Eksodus 15:26 AOV

²⁶ As jy getrou na die stem van die HERE jou God luister en doen wat reg is in sy oë, en luister na sy gebooie en al sy insettinge hou, dan sal Ek geneen van die siektes op jou lê wat Ek op Egipteland gelê het nie; want Ek is die HERE wat jou gesond maak.

3. Geseënde nageslag

Deuteronomium 5:29 Multivertaling

²⁹ Mag hulle altyd soveel eerbied vir My hê en al my gebooie gehoorsaam sodat dit altyd goed kan gaan met hulle en hulle nageslag.

4. Intimiteit

Johannes 15:10 Multivertaling

¹⁰ As julle my opdragte uitvoer (bewaar), sal julle in my liefde (absolute liefde) bly, net soos Ek die opdragte van my Vader uitvoer (nog altyd bewaar) en in sy (absolute) liefde bly.